

BERNARD KHOZA

APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

J J F HEFER

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen

BERNARD KHOZA

APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

CORAM : JOÛBERT, VAN HEERDEN et HEFER ARR.

AANGEHOOR : 22 MAART 1989

GELEWER : 30 MAART 1989

U I T S P R A A K

HEFER AR :

Hierdie appèl is gemik teen die vonnis van 9 maande
gevangenisstraf wat die appellant in die landdroshof van
Amsterdam opgelê is weens sy skuldigbevinding aan die besit,

strydig met die bepalings van art 2(b) van Wet 41 van 1971, van 5 gram dagga. Die vonnis is gehandhaaf in 'n appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling.

Die landdros het die volgende redes vir die vonnis verskaf:

"Hierdie distrik is 'n grensdistrik met Swaziland, Diepdal en Fernie tuislande en veral besit van dagga in klein hoeveelhede het 'n probleem geword. Volgens die beskuldigde se vorige veroordelings is dit duidelik dat hy volhard daarin om van dagga gebruik te maak en die opgeskorte vonnis het hom nie afskrik nie.

Aangesien die wetgewer volgens artikel 1(iv)(bb) (ii) wet 41/77 'n hoë strafbepaling daarstel aan die besondere misdaad het die hof gereken dat gevangenisstraf van 9 (Nege) maande wat opgelê is as 'n afskrikmiddel vir andere moet dien en dat dit nie buitensporig in hierdie omstandighede was nie. Die hoeveelheid dagga naamlik 5 gram en die beskuldigde se persoonlike omstandighede was in ag geneem met die oplegging van vonnis."

In hierdie hof het die advokaat vir die Staat toegegee dat die landdros misgetas het wat die effek van die vorige veroordeling betref. Die appellant het een vorige veroordeling: gedurende Februarie 1980 is hy skuldig bevind aan die onwettige besit van dagga en veroordeel tot 4 maande gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is vir 4 jaar. Die huidige oortreding is gedurende Januarie 1987 gepleeg d w s bykans 3 jaar na verstryking van die opskortingstermyn, en 7 jaar na die vorige een. Dit kan dus nie gesê word dat die appellant volhard het in die gebruik van dagga of dat die vorige opgeskorte vonnis hom nie afgeskrik het nie.

In die lig van hierdie mistasting is dit nou die taak van hierdie hof om opnuut 'n gepaste vonnis te oorweeg.

Wat in hierdie verband van belang is, is die geringe

hoeveelheid dagga wat die appellant besit het en dat hy dit vir eie gebruik besit het. Gedagtig hieraan en aan die lang tydperk wat sedert die vorige veroordeling verloop het, is ek van mening dat dit gepas is om sy huidige vonnis ook op te skort ten spyte van die ander oorwegings wat in die landdros se redes genoem is.

Die appèl slaag dus tot die mate dat die vonnis wat die landdros opgelê het, gewysig word deur by te voeg:

" wat opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan 'n oortreding van art 2(b) van Wet 41 van 1971 gepleeg gedurende die opskortingstermyn nie."

J J F HEFER AR

JOUBERT AR)
 VAN HEERDEN AR)
 STEM SAAM.